

'n Maand in die vreemde

– Deel 3


Deur Altus Joubert SC, Johannesburgse Balie

Die treinrit van Ryazan na **St Pietersburg** eindig in 'n ruim en pragtige stasie. Die vooruitbespreekte hotel is in die Soviet-styl gebou. 'n Plat fassade met reëlmatige vensters ingebed in grougrys ongeverfde mure, agt verdiepings hoog. Die vrou by ontvangs draal op 'n wyse wat 'n mens laat vermoed dat sy dit geniet om jou tyd te mors, of ten minste nie omgee dat sy dit doen nie. 'n Slentergang van gedrag gekweek in die Brezhnev-jare, as ek haar so met die oog meet.

Die Hermitage, of Winterpaleis soos ek dit ken, is onverwags in 'n vrolike groen geverf, so tussen die klipblokke deur. Teen die mure van een van die lang gange hang die portrette van tsaar Nicolaas I en sy gesin. Watter aantreklike mense was hulle nie. Die lewens van veral die dogters was onwêrelds ideaal – hulle was slim, goed opgevoed, beeldskoon en Russiese prinsesse. Tog het hulle in die aande dikwels met hul perde op die koue, winderige strande van St Petersburg gery en gedroom dat hulle karakters in 'n Walter Scott roman is. Elke mens het tog maar sy verbeeldingswêreld nodig.

As 'n mens enkele jare aan weerskante van die eeu buite rekening laat, het vier tsaars gedurende die 19de eeu regeer - die drie Alexanders en die eerste Nicolaas. Hulle het in die adelstand van Wes-Europa ingetrou – veral prinsesse van Hesse-Darmstadt. Een is getroud met 'n dogter van die koning van Denemarke. Die Russe met wie ek die punt bespreek het, wys vinnig uit dat die tsaars Russies grootgemaak is. Dis natuurlik waar, maar 'n mens moet darem ook in ag neem

Altus Joubert BA LLB (Stell) MBA (UK) LLM (*cum laude*) (PU). Voorsitter van die Johannesburgse Balieraad (2001 – 2002), besoekende professor in publiekreg, Universiteit van Stellenbosch (2001-2004) en sedert 2001 buitengewone professor in die regte aan die Universiteit van Noordwes, Potchefstroom. Hy is ook besoekende professor in die Regte en in Geesteswetenskappe aan verskeie universiteite in Europa en Asië.



Die tsaars se biblioteek in die Winterpaleis

dat hulle ma's Duitsers en Dene was. Teen die einde was die Russiese tsaars, geneties, feitlik volledig Germaans. Of hierdie 'n feit is wat histories saak maak, het ek nog nie behoorlik deurdink nie.

My ooreenkoms met die gids is vir 1½ uur. Met my ewige vrae en onderbrekings eindig die ekskursie in die vyfde kamer. Hy sê dis 'n rekord in sy 20-jaar as gids. Hy bedoel dit as 'n belediging. Ek straf hom deur hom vir die hele volgende dag te huur. Hy straf my in roebels. So gaan ons goeie vriende uiteen.

Die taxirit na die balletuitvoering is so effe ongewoon. Toe die bestuurder hoor ek is van Suid-Afrika, stop hy in die middel van die pad en ruk sy stel munte uit - van Suid-Afrika het hy 'n 1896 Kruger sjieling. Ek sê dis waardevol. Hy sê 'of course' en verdwaal terstond. Hy sê 'don't worry' en vat my na 'n ander teater toe waar twee operas wys. Hy sê die operas is in elke geval beter as die ballet. Hy vra 'n fooi waarmee hy nog sommer baie Kruger-munte kan koop. Soos al die baroque/rococco operahuse van Europa is die Mariinsky, met sy pragtige losies, verguld. Katedrale gebou ter verering van kuns. Ilonka is 'n eenbedryf opera van Rachmaninov, gebaseer op 'n gedig van Pushkin. Die opera betreur die immoraliteit van die wulpsige Zemfira. 'n Vrou se liefde kan nie ingekerker word nie, sê Pushkin. Miskien moes hy na homself geluister het, dan sou hy nie in 'n tweeveg gesterf het nie. Nogal om sy loslyf vrou Natalya se eer te verdedig toe sy met haar suster se man, George d'Anthès, vry. Maar nou ja, so is Pushkin dood, wysheid en al.

Die tweede eenbedryf-opera van die aand is Iolantha. Sy is blind gebore, maar omdat sy van haar gebrek onbewus is, leef sy heel gelukkig in die duisternis. Kennis van haar blindheid konfronteer haar. 'n



Sommige van die Odessa studente en hulle sertifikate.

Moorse dokter kan haar genees, maar, so sê hy, slegs as sy die begeerte het om te sien. Maar sy wil nie, want 'n lewe in die lig beangs haar. Toe raak sy verlief, wil sien en word genees. Die liefde, so sê Tchaikovsky, maak alles reg. Een van my heerlikste aande in die teater.

Die operas is verby, maar lank nog nie die nag nie. In die St Isak-katedraal word die middernag-Paasdiens gehou. Twee uur lank werk ses priesters om die beurt onverpoos om deur die voorgeskrewe teks te kom. Elke nou en dan praat die gemeente saam. So links van my sit 'n jong spastiese man in 'n rystoel. Sy kragte kwyn soos die diens vorder en sy koppie knik later en lê so skuinsweg op sy bors. Op die slag van middernag gaan die tabernakel-deure oop en word Christus se graftombe simbolies daar ingedra. Die koor sing in 'n diep Russiese harmonie van die opstanding. Die skare praat saam. Die spastiese man lig sy kop op en kruis sy bors. Die hele gemeente loop in 'n stadige prosesie, in 'n groot sirkel, deur die kerk. Almal dra kerse. Die priester prewel deur die rites en die koor sing. Nou die dag nog was so 'n diens verbode. Die vlam wat in mense se gees brand word nie maklik geblus nie. Jong mense maak ten minste die helfte van die gemeente uit. Baie Russe is ortodoks. Ander is ateïsties – aanvanklik is dit in die Sowiëtyd in hulle kele afgedruk, maar gaandeweg het dit gewoonte geraak. Ander weer is verward en beangs deur die nuwe vryheid. Russe vertrou nie sommer geluk en goeie tye nie. Moontlik is dit 'n nasionale psige wat, soos Byron se onwillig-bevryde gevangene, die vryheid betreur omdat hy daaraan gewoond geraak het om wanhoop lief te hê.

Die volgende dag, die Hermitage. Al weer. Van vroeg oggend af. Ek is verbete. Toe die gids se knieë laat middag begin knak, eet ons eers sop en brood. Met nuwe krag pak ons die res van St Pietersburg aan. Met perdekoets na die Kerk van die Verspilde Bloed, gebou oor die plek waar Alexander II vermoor is. As hy geleef het en serfdom afgeskaf het, soos hy wou, mag die geskiedenis baie anders verloop het. Rusland mag selfs die Oktober-revolusie vrygespring het. 'n Uur lank luister ek na die gids se beskrywings, soos gidse maar doen. Inmiddels wonder ek opnuut oor hoe die toeval van sleutelmomente dikwels die verloop van beskawing bepaal.

So snel die naweek verby en die nagrit na Ryazan begin. Die son sak oor die Baltiese see en 'n ysige wind maak die treinkajuit 'n toevlug. Ek trek my onder growwe komberse toe en dink oor die einde-

lose land en sy stroewe mense en wonder of hulle ooit die moed sal hê om, soos Iolantha, die lig te wil sien.

Terug in **Ryazan** besoek ek een middag Pavlov se geboortehuis. In die museum hoor en lees jy net Russies. Niks is vertaal nie. Die museum is nie op 'n toeriste-roete nie en die personeel is ook nie opgetooi vir die internasionale mark nie. Die vrouens by ontvangs is ouerig, so effens verweer, kwaai en deugdig. Presies soos 'n Rus dit sal wil hê. Hierdie museum is nie net geskep om Pavlov te vereer nie, maar ook om Russe van hul eie verlede te vertel.

Gedurende die laaste paar dekades van die 19de eeu was Pavlov die voorste fisioloog in die wêreld. Slegs die mikrobioloog Pasteur en Koch het in die tyd min of meer dieselfde status in die mediese wetenskappe as Pavlov gehad. In 1904 wen hy die Nobelprys in dié vakgebied. Sy grootste bydrae was op die gebied van vertering. Hy het bewys dat die vrystelling van verteringsappe deur prikkels van die brein (en nie die verteringsorgane nie) veroorsaak word. Sy tipering van persoonlikheidsprofiel was ook baanbrekerswerk in die sielkunde. In later jare het Carl Jung swaar op Pavlov se werk gesteun. Pavlov was volkome dubbelhandig en 'n uitstaande chirurg, beroemd vir die spoed van sy operasies, in 'n tyd toe teater tyd dikwels krities was. Sy werksetiek was legendaries.

Pavlov het 'n lang werkslewe gehad. Bykans 'n half-eeu lank was hy Rusland se beroemdste wetenskaplike. So het hy wydsbeen gestaan oor die heerskappy van die laaste twee tsaars en die twee groot kommunistiese diktators. Hy't geen geduld gehad met burokrate wat vir beuselagtige en sotlike redes met die integriteit van sy navorsing wou inmeng nie. Die traagheid van amptenare het hom ook nie juis aangestaan nie. Tereg ook. Te veel van die lewe word in wag verwyf. Sy korrespondensie met die Kremlin is geraam en teen die mure uitgestal. My studentegidse vertaal behulpsaam. Daar is 'n amper minagende toon in sy briewe. Elke keer het hulle maar die ou kêrel sy sin gegee, net om van sy toorn te ontsnap. Hoe verder ek deur die museum stap, hoe meer hou ek van die man. Vrees en kruiperigheid het Pavlov nie geken nie.

Pavlov se priester-pa het sy kinders goed opgevoed en van jongs af is hulle aan geleerdheid blootgestel. Sy omvattende biblioteek getuig

Die Promerskii-boulevard.
Links, buite die foto, val
die kranse tot by die
Swart See weg.



daarvan. Dit is darem 'n groot voordeel vir kinders om in 'n boekehuis groot te word. Dit was sekerlik waar vir die Pavlov-seuns. Almal het suksesvolle wetenskaplikes geword. Op 'n paar uitsonderings na, was 'n ongeskoolde verstand (selfs 'n goeie een) vir die wêreld se vooruitgang meestal maar 'n taamlik nuttelose ding. Soms is dit selfs gevaarlik, veral as dit vasgevang is in 'n wispelturige of barbaarse gees. Geleerdheid is nie alles nie. Verreweg nie. Sekerlik moet dit nie met beskawing verwar word nie. Dit ten spyte – vir geleerdheid is daar darem ook geen plaasvervanger nie. Daar is ook geen substituuat vir verstand nie. Somtyds, soos met Pavlov, val die kaarte net mooi reg. Dit is dan wanneer beskawing sy groot treë gee, veral as dit met fokus en energie gepaard gaan. Wat 'n vreugde as al dié talente boonop in 'n goeie siel setel.

Ek koop 'n paar plaaslike koerante en tydskrifte en vra die studente om gedeeltes daaruit te vertaal. Soos te verwagte, word ek nie veel uit hierdie gefragmenteerde brokkies inligting wys nie. Dit lyk my egter nie of die Russiese pers die korrupsie, nepotisme en vergrype van hul regering so genadeloos oopplek as wat ons pers dit doen nie. Persvryheid is in Rusland 'n nuwe ding wat so effe skepties benader word. So 'n houding is nie ongewoon of onverwags nie. Volke proe gewoonlik maar versigtig aan vars vryhede.

Die studente het lewendige, interessante en emosionele menings oor persvryheid en die regsstaat. Die debatte duur tot lank na klastyd en soms tot diep in die nag. Uit die gesprekke is dit duidelik dat Russe van 'sterk' leiers hou, mense wat nie traag is om gesag uit te oefen en mag te gebruik nie. As sekere vryhede in die proses 'n bietjie daaronder ly, maak hulle daarmee vrede. Menseregte is nog nie 'n diepge wortelde deug in Rusland nie. Putin se houding is net mooi hulle merk. Maar na die ou dae wil niemand terugkeer nie. Bewegingsvryheid en basiese demokratiese regte is reeds in die huidige studentegeslag ingeburger. Die muur het darem al meer as twintig jaar gelede geval.

Ryazan sal ek met vreugde onthou. My heerlike warm maar halfarmoedige kamer in die studente-koshuis met sy dun handdoekie en klein TV wat sulke halfgesneeude beelde wys, strate met gate wat soos uitgrawings lyk en die eindlose woude van blaarloze berkebome met hul wit stamme. Veral sal ek die vriendelike fakulteit en die vreugdevolle, raserige, leergierige studente mis, ons gesprekke in lesingsale

en in straatkafes en die entoesiasme waarmee hulle so onbevange my deel van hulle wêreld gemaak het.

Saam met die vroeë lente land ek in **Odessa**. Die stad is 'n natuurontploffing van groen boomlanings en parke vol wit en pienk bloeisel. Heerlik om hier klas te gee. My lesings handel met sekere aspekte van internasionale handelsreg. Die studente se vroeë strek egter veel wyer. Regs-morele vroeë interesseer hulle die meeste. Ontmoet heelwat regters. Almal probeer die regbank ontspeen van korrupsie en 'n kultuur van 'n regsstaat kweek. Die Soviet-tydperk het regspleging, as 'n mens dit hoegenaamd so-iets kon noem, in volslae diskrediet gebring. Om respek vir die regbank, regspraktisyns en regspleging opnuut te skep, is voorop in almal se denke en besprekings. Soos dit vir my lyk, sal dit nog 'n geslag of twee duur. Korrupsie kan vinniger uitgeroei word, maar die kultuur van 'n regsstaat vat maar sy tyd om wortel te skiet.

Feitlik elke aand neem ek 'n groep studente operahuis toe. Die vertonings begin vroeg en teen halfnege is alles oor. Daarna gesels ons tot laatnag in restaurante. Die studente gesels graag en openlik oor hulle vrese, vreugdes en drome. Almal voer my Ukraine-kos. Kan later nie meer die rooi borsch-sop in die lepel staar nie. Ek dink hulle kry my terug omdat ek hulle saamsleep opera toe. Die operahuis is so pragtig as enige wat ek al gesien het. Genadiglik is dit nie, soos so baie ander, tussen ander geboue ingewurg nie. Dit staan op so 'n effense koppie en haal gerieflik asem tussen parke en fonteine. Onder die operahuis lê die Promerskii-boulevard, aangelê op die kranse wat bokant die Swart See loop. Carmen is 'n dikkerige tannie wat sukkel met die note, selfs meer nog met die danse. Heeltemal opgegee op die kastenette. Butterfly was beter, Lucia de Lammermoor uitstekend. Die meisie in die titelrol is pragtig en sing soos 'n engel. Die vrouedirigent is amper onbehoorlik jonk, maar sy weet wat sy doen. Die Neutkraker is 'n Sondagmiddagvertoning en die helfte van die gehoor is laerskoolkinders wat gedurende die pouse die gange vol dans. Miskien is daar 'n Maya Plisetskaya tussen hulle. Wie weet tog waar inspirasie en talent vandaan kom.

Een aand berei ek voor in 'n restaurant. Tyd loop skelm op my uit. Buite het dit ysig koud geword. Dis die wind wat jou klaar maak. Ek kry geen taxi-bestuurder wat kan Engels praat nie. Klim later in 'n taxi net om van die wind te ontsnap. Ek en die bestuurder probeer




Die vergulde operahuis van Odessa.

mekaar vind. Hy verstaan later dat ek van Suid-Afrika af kom. 'n Lig gaan vir hom op. 'Deutsch!' sê hy. Ons voel soos Archimedes. In die ou dae het hy 'n tyd lank in Oos-Berlyn gewerk. So tussen sy Duits en my Afrikaans deur kom ons nogal gou-gou reg. Nog nooit my taal so lief gehad nie. Die rit is 'n avontuur. Die motor is 'n ou, ou Lada. Van skokbrekers is daar geen sprake nie en my sitplek is ook so 'n bietjie los. Ek klou vir 'n vale aan die deur se handvatsel. Die bestuurder gee my 'n groot glimlag. 'n Tandarts se droom, dog ek nog, toe maak hy weer 'n skerp draai en ek skuif weer 'n bietjie rond in die motor. Ons lag alte lekker. Ten minste gaan ek nie vannag verkleum nie.

In die middel van die 19de eeu was Odessa vier dekades lank 'n vrye handelstad. Amper veertig persent van die stad was Joods en die gebied het floreer. Miskien die eerste stad sedert die diaspora waarin Jode werklik tuis gevoel het – so 'n vroeë lente van Joodse wasdom. Die Stalin-verbannings en moorde en die Duitse besetting van 1941 het ook hierdie droom vernietig.

Ek staan op die Promerskii-boulevard en kyk oor die Swart See. Eendag wil ek terugkom Odessa toe. Ek wil teen die Potemkin-trappe afstap hawe toe en op 'n boot klim Istanbul toe. Daar, tussen die geure en klanke van die wonderlike mengelmoes van mense en kulture wil ek so iets probeer verstaan van die wonder wat eens Byzantium was.

My klasse is oor en die bywoning-sertifikate is, nogal heel seremonieel, uitgedeel. Ek kry geen wassery in Odessa nie en kan nie nuwe klere koop nie. Reeds dertig kilogram oorgewig van al die boeke en die dik jas wat ek gekoop het. Ek val terug, soos Kris Kristofferson sing, op die skoonste vuil hemp in my kas. My geld is feitlik op en na bykans 'n maand skree my praktyk vir aandag. Ek verlang na my mense en is nou moeg van alleen wees. Dis tyd vir huis toe gaan.

Die vlug uit Odessa, via Moskou en Madrid, is meer as twintig uur lank. Ek besluit om 'n paar notas in dié tyd te skryf. Iets om te lees, so reken ek, wanneer ek eendag op Birdsong se stoep sit en glasierig begin dink. Moontlik herinner dit my dan aan die vreemde romantiek van Sentraal Rusland en aan 'n tyd toe ek geglo het ek nog 'n verskil kan maak, so hier en daar. 

World Bar Conference

Constant Values for the Modern Bar

Patron: HRH The Princess Royal

29 June - 1 July 2012 • Inner Temple, London, UK

Supported by FRESHFIELDS BRUCKHAUS DERINGER LLP

Taking Place at the heart of the English Bar in Inner and Middle Temples, within striking distance of many of London's key attractions

There will be opportunities for delegates to participate in exclusive excursions to both legal and non-legal destinations in London

Presentations by the finest contemporary exponents of the art of advocacy from around the world